Saterdag 19 Desember
Skrifgedeelte: Jesaja 50:1-11 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 50:10b

## Die Here se verbondsliefde gee die lig van hoop

Die omstandighede waarin 'n gemeenskap hulle bevind, kan soos 'n diep duisternis ervaar word. Asof die Here sy rug vir ewig op hulle gedraai het weens hulle sondeskuld.

Na byna 70 jaar in ballingskap het die Israeliete geen hoop gehad nie. Waar Jesaja die oordeel van God aangekondig het, verkondig Tweede-Jesaja 'n boodskap van hoop (JESAJA 40 en verder).

Sou daar vandag vir die kerk enige troos en bemoediging hierin wees? Ja, beslis. Die Here profeteer deur sy Dienaar (profeet) dat die band tussen Hom en sy bruidsvolk nie finaal vernietig is nie. Hy is nie soos 'n man wat aan sy vrou 'n skeibrief gegee het nie. Die volk het self uit die "huwelik" onttrek deur haar ontrou (JESAJA 50:1). Omdat Hy egter steeds getrou is, roep Hy sy "bruid" om die huweliksverhouding te herstel.

Dit was so 'n verrassend nuwe boodskap dat die Dienaar eers moes leer om na God te luister. Sy boodskap moes die volk oortuig van God se opregtheid.

Treffend word twee maal herhaal: *"Dit is my Heer, die Here, wat my te hulp kom"* (vs 7, 9). Daarom sal niemand die volk meer skuldig kan verklaar nie. Die Here vergewe. Dit roep die volk tot reaksie op die boodskap van die Dienaar: Aanvaar dit as woorde van God en plaas julle vertroue op die Naam van die Here. Kom uit die donker na die lig. By Hom sal daar redding wees. Die heidene word gewaarsku: Wie met afgodsdiens voortgaan en steeds by afgodsvure lig soek, se vuur sal hulle verteer.

Luister daarom ook vandag na Jesus, die Woord wat mens geword het. As Dienaar van God het Hy lig gebring, genade en vergifnis. Volg Hom as die Lig! Die wonder van God se liefde is groot, maar wie die valse lig volg, sal deur daardie vuur verbrand word.

*Sing: Psalm 25-1:4, 7*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*